

Antwoord op die 35 Vrystaatse predikante se verklaring. 'n Ope brief aan alle pro-Belhar lidmate van die NG Kerk.

In Kerkbode van 6 Maart 2015 is 'n verklaring publiseer wat deur 35 pro-Belhar predikante en gemeentelede opgestel is om hulle misnoë uit te spreek teenoor die feit dat Vrystaatse gemeentes die voorgestelde verandering van Artikel 1 met 'n oorweldigende meerderheid verwerp het.

Die Vrystaatse gemeentes van die NG Kerk het oorweldigend gestem teen die voorgestelde Artikel 1 van die Kerkorde wat ruimte sou maak vir lidmate om die Belydenis van Belhar as belydenisskrif te onderskryf. 'n Groep van 35 Vrystaatse predikante en lidmate wat Belhar wél onderskryf, het die onderstaande verklaring uitgereik. Hulle nooi ander lidmate wat wil, om hulle name by die lys te voeg. Die groep sê: "Op hierdie manier sal ons graag 'n bydrae wil maak wat die kerk, wat onder die regering van Christus staan en deur die Woord e Gees gelei word, dien."

Kerkbode, 6 Maart 2015

Hierdie is 'n ope brief aan dié 35 lidmate en ander pro-Belhar lidmate in die NG Kerk. Dit is geskryf in antwoord op hulle verklaring, en die paragraafnummers van hierdie brief stem ooreen met die paragraaf nummers in die verklaring wat dit beantwoord. Hulle verklaring is hierby aangelas as 'n bylaag.

1) Kan ons ruimte maak vir Belhar in die NG Kerk?

a) Voldoen die belydenis van Belhar aan die vereistes van 'n belydenisskrif?

Die doel van 'n belydenisskrif is eerstens om te bely wat ons glo. Tweedens is dit om dwaalleer uit die kerk te weer. Dit is hoekom Engelse kerke dikwels die woord "standards" gebruik om na belydenisskrifte te verwys: Dit is die standaard waarteen ons geloof gemeet word.

Artikel 4 van die Belydenis van Belhar stel die volgende:

Ons glo dat God Homself geopenbaar het as die Een wat geregtigheid en ware vrede onder mense wil bring; dat Hy in 'n wêreld vol onreg en vyandskap op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die veronregte is en dat Hy sy kerk roep om Hom hierin na te volg ...

Kyk wat sê die notule van die Algemene Sinodale Kommissie van 1988 se vergadering oor Belhar: (Beklemtoning myne)

*Die vermoede is meermale uitgespreek dat ons hierin die invloed van die teologie van bevryding moet sien. Van die kant van die NGSK is herhaaldelik verklaar dat dit nie die bedoeling is om met hierdie woorde die teologie van bevryding te aanvaar deur byvoorbeeld ongekwalifiseerde bely dat God aan die kant van die armes is, of deur byvoorbeeld die idee van die klassestrydte aanvaar, waarby die kerk dan opgeroep word om hom aan die kant van die onderdrukte te skaar nie. Hierdie soort voorstelling van sake kom wel in die Kairos-dokument voor, maar **hoef nie noodwendig aan die BB verbind te word nie, al moet erken word dat verbindings lyne met die teologie van bevryding hier wel moontlik sou kon wees.***

Ongeag van die kommissie se gevolgtrekking dat ons Artikel 4 nie as bevrydingsteologie hoéf te interpreteer nie, sê hulle duidelik dat mens dit so kán interpreteer. En dit is 'n ongelooflike groot probleem. 'n Belydenisskrif moet eerstens op duidelike en ondubbelsinnige wyse dit wat die Bybel leer weergee. Indien dit nie duidelik en ondubbelsinnig is nie kwalifiseer 'n dokument eenvoudig nie as 'n belydenisskrif nie, omdat dit dan die deur vir onsekerheid en dwaalleer in die kerk oopmaak.

Volgens die getuienis van die ASK van 1988 is die Belhar Belydenis dus absoluut gediskwalifiseer as belydenisskrif.

Die vraag is nou:

b) Waarom is Artikel 4 van Belhar dubbelsinnig?

Daar is glo verskeie versoeke aan die opstellers van Belhar gerig om die bewoording van Artikel 4 te verander. Dit is nooit gedoen nie. Waarom het Belhar spesifiek dié bewoording?

Lede van die kommissie wat Belhar opgestel het was o.a. dr. Allan Boesak, prof. Dirkie Smit, prof. Jaap Durand en ds. Gustav Bam. Die konsep-belydenis wat aan die sinode voorgelê is, is deur prof. Smit op skrif gestel, vandaar die wanopvatting dat hy die outeur van die belydenis is.

http://af.wikipedia.org/wiki/Belydenis_van_Belhar

Kyk wat sê die Verenigende Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika se eie joernaalartikel oor Alan Boesak, een van die opstellers van Belhar se teologie: (Beklemtoning myne)

*In 1976, Allan Boesak returned from the Netherlands after finishing his doctoral studies in systematic theology. His dissertation bore the title “Farewell to Innocence”. This was a social ethical study on the topics of black theology, black power and black consciousness. In this study Boesak bases his arguments on those of liberation theology and liberation theologians. These theologians include the renowned South American liberation theologians Gustavo Gutierrez and Jose Miguez Bonino on whom Boesak leans quite heavily, as well as the prominent black theologian James Cone. **From this study it emerges that Boesak’s early theology was shaped by Latin American Liberation theology in a definite and distinct way. Black theology thus assisted Boesak to formulate and articulate his own arguments, enabling him to react to the injustices of his time.***

Eugene Fortein, “Allan Boesak and the Dutch Reformed Mission Church between 1979 and 1990” in “Reformed Churches in South Africa and the Struggle for Justice: remembering 1960-1990” onder redaksie van Mary-Anne Platjies-Van Huffel, Robert Vosloo AFRICAN SUN MeDIA, 01 Nov 2013

En kyk wat skryf een van Boesak se grootste invloede:

On the one hand it designates the weak, the destitute, the oppressed, and is as such “a scandalous situation” which must be redressed. On the other hand it indicates “spiritual childhood,” humility before God, and as such it is perhaps the basic virtue. When poverty has the former meaning, we find an unanimous prophetic protest against it. “For the

*prophets,” concludes the Dutch scholar Van der Ploeg. “poverty was never a neutral thing. When they spoke about it, it was in order to protest against the oppression and injustice of the rich and powerful.” Poverty is not a hazard of fortune or a fact of nature but the result of certain people’s greed and injustice. It is intolerable because it contradicts the very purpose of God’s mighty act of deliverance-to rescue his people from the slavery of Egypt. It robs man of his humanity as a steward and transformer of the world and therefore it contradicts the mandate of creation. Finally, it breaks human solidarity, and consequently it destroys fellowship among men and with God. Poverty, in this sense, is a scandalous fact which must be eliminated. **God himself is engaged in the struggle against it; he is clearly and unequivocally on the side of the poor.***

Bonino Jose Miguez. *Doing Theology in a Revolutionary Situation* (Confrontation books) (Kindle Locations 1337-1339). Kindle Edition.

Is die doel van Belhar nie dalk wél om die deur vir die bevrydingsteologie in die kerk oop te maak nie?

Ek dink dit is bo redelike twyfel bewys dat:

- Belhar se artikel 4 dubbelsinnig is in dié sin dat "erken [moet] word dat verbindings lyne met die teologie van bevryding hier wel moontlik sou kon wees".
- Een van die vier opstellers van Belhar se grootste teologiese invloed Suid Amerikaanse bevrydingsteoloë was.
- Artikel 4 van Belhar Boesak se mentor Bonino amper woordeliks aanhaal.

Ek dink enigiemand wat beweer dat Belhar nie bevrydingsteologie verkondig nie, is of oningelig of naïef. En dit ten spyte van die VGKSA se herhaalde verklarings dat Belhar nie bevrydingsteologie verkondig nie.

Vraag: Indien Belhar nie bevrydingsteologie wil verkondig nie, waarom is die bewoording van Artikel 4 nooit verander om die dubbelsinnigheid te verwyder nie?

Dit laat mens dink...

Laastens net 'n opmerking: As God self betrokke is in die stryd teen armoede, soos Bonino beweer en Belhar impliseer, waarom is daar dan armoede? Beteken dit God is nie soewerein nie?

Die Gereformeerde leer op grond van die Bybel is as volg:

Heidelbergse Kategismus Vraag 27: *Wat verstaan jy onder die voorsienigheid van God?*
Antwoord: Die almagtige en oralteenwoordige krag van God (a) waardeur Hy hemel en aarde en al die skepsels asof met sy hand nog onderhou en so regeer (b) dat lower en gras, reën en droogte (c), vrugbare en onvrugbare jare, voedsel en drank, gesondheid en siekte (d), rykdom en armoede (e) en alles, ons nie per toeval nie, maar uit sy Vaderhand toekom (f).

(a)Hand 17:25-28; Jer 23:23, 24; Jes 29:15, 16; Eseg 8:12. (b) Heb 1:3. (c) Jer 5:24; Hand 14:17. (d) Joh 9:3. (e) Spr 22:2. (f) Matt 10:29; Spr 16:33.

As armoede uit God se hand kom, waarom het God dan nodig om in stryd daarmee te wees?

c) Stem Belhar ooreen met die Woord van God?

Belhar stel dat God op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die veronregte is. Met ander woorde: God het interaksie met die mens op grond van sy sosiopolitieke status. Die Bybel is egter duidelik dat God slegs interaksie met die mens het op grond van Sy genade.

Die Bybel leer dat alle mense as gevolg van die sondeval van nature verdorwe is en God se heilige woede en straf oor die sonde verdien. (Rom 3:9-20; Ef 2:1-3). God het in die verlede getoon dat die hele skepping vernietig behoort te word, met Noag se vloed en die vernietiging van Sodom en Gomorra.

Tog leer die Bybel dat God in sy genade die hele skepping nie vernietig het nie. Alle mense, en inderdaad die hele skepping staan onder God se algemene genade of voorsienigheid. Ons sien dit in God se verbond met Noag: Gen 8:21

God hou alle mense deur Sy voorsienende genade in stand: Hand 17:25-28; Jer 23:23, 24; Jes 29:15, 16; Eseg 8:12. Heb 1:3. Jer 5:24; Hand 14:17. Joh 9:3. Spr 22:2. Matt 10:29; Spr 16:33

Alle goeie gawes wat mense het kom deur genade uit die hand van God: Rom 5:3; Jak 1:3; Ps 39:10; Job 1:21,22. 1 Tess 5:18; Deut 8:10. Ps 55:23; Rom 5:4. Rom 8:38, 39. Job 1:12; 2:6; Spr 21:1; Hand 17:2.

Die tweede manier waarom God deur sy genade met die mens interaksie het is deur sy besondere genade aan die wat glo: Joh 1:12; Joh 3:16; Rom 5:8; Rom 8:37-39; Ef 2:8.

In die Bybel sien ons dus dat God slegs deur Sy genade met die mens interaksie het. Hierdie genadige interaksie met die mens is op twee maniere:

- i) Die algemene genade, wat alle mense sonder uitsondering, en inderdaad die hele skepping insluit en bevoordeel.
- ii) God se besondere genade in Jesus Christus, wat deur die bloed van Sy Seun verlossing gekoop het vir dié wat in Hom glo.

Belhar skep egter 'n derde verhouding tussen God en mens. Belhar beweer dat God met die mens interaksie het, nie op grond van Sy genade nie, maar op grond van die mens se sosiopolitieke status. God is op 'n besondere wyse die God van noodlydende, die arme en die veronregte. Party voorstanders van Apartheid het beweer dat God op 'n besondere wyse die God van die Blanke Afrikaner is. 'n Sosiopolitieke klas. Belhar beweer dieselfde, maar net van 'n ander sosiopolitieke klas. Soos sommiges tydens Apartheid, beweer Belhar God kies kante. Hy veg net vir 'n ander span.

d) Wat van Belhar se teksbewyse?

Daar is 2 tipes teksbewyse vir Artikel 4 van Belhar. Dit kan rofweg onder twee tipes tekste ingedeel word. Ek sal dus net die twee van die tekste bespreek.

*Lukas 6:20-21 Geseënd is julle wat arm is, want aan julle behoort die koninkryk van God.
Geseënd is julle wat nou honger het, want julle sal versadig word.*

Seën God dan nie die armes nie? Die probleem is die beginsels waarvolgens Belhar die Skrif uitleë. As Gereformeerdes glo ons dat die hele Skrif deur die Heilige Gees geïnspireer is. Alhoewel die

Bybel tientalle menslike skrywers het, het dit tog net een Skrywer. Die Bybel moet dus gebruik word om die Bybel te verklaar.

Kom ons kyk hoe verklaar die Bybel Lukas 6:20. Mattheus teken presies dieselfde preek as Lukas aan, maar sê vir ons meer van Jesus se bedoeling met die woorde.

Mattheus 5:3 Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, (1953: "Armes van gees") want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel. [...] 6 Geseënd is dié wat honger en dors na wat reg is, want hulle sal versadig word.

Onthou, Mattheus verwys na presies dieselfde preek as Lukas: Dié armes is nie net fisies arm nie, hulle weet hoe afhanklik hulle van God is. Dié wat honger is, is nie net honger vir kos nie, hulle is honger na Christus se geregtigheid: Die geregtigheid wat Hy vir ons aan die kruis gekoop het.

Beteken dit dat Jesus nie na fisies arm mense verwys nie? Hy verwys beslis ook na fisies arm mense, omdat mense wat fisies arm is meer geneig is om in afhanklikheid van God te leef. Hy verwys dus na fisies arm mense in soverre hulle besef dat hulle vir hulle redding, en daaglikse brood, van God se genade afhanklik is!

1 Korinthiers 1:23 Vir die Jode is dit 'n aanstoot en vir die ander is dit onsin, 24 maar vir dié wat deur God geroep is, Jode sowel as Grieke, is Christus die krag van God en die wysheid van God. 25 Wat vir die wêreld die onsin van God is, is groter wysheid as die wysheid van mense, en wat vir die wêreld die swakheid van God is, is groter krag as die krag van mense.

Paulus is hier baie duidelik: Vir die wêreld is dit onsin om in afhanklikheid van God te leef. Slegs vir dié wat deur God geroep is, maak dit enigsins sin. Ons sien dus dat wanneer Jesus praat van die "armes" hy praat van "armes van gees", volgens die Heilige Gees as Outeur van die Bybel se eie getuigenis. Ons weet ook dat slegs dié wat deur God geroep is kan weet hoe afhanklik hulle van God is, of "arm van gees" is! Dit is die uitverkorenes. (Rom 8:29-30)

In die Ou Testament word daar nooit na "armes" buite die konteks van God se verbond met Israel verwys nie. Die beginsel van Lukas 6 gekoppel aan Mattheus 5 geld vir al die vergelykbare tekste in die Ou Testament ook!

Die probleem met Belhar is dus dat dit nie die Bybel toelaat om die Bybel self te verklaar nie. Insteede om te kyk na Jesus se bedoeling met die woorde soos in Mattheus verduidelik, verklaar Belhar Jesus se woorde in Lukas literalisties. Jesus het gesê hy is 'n wingerdplant. Moet ons dit ook so literalisties opneem?

Mattheus 25: 44 Dan sal hulle ook antwoord: 'Here, wanneer het ons U honger of dors of 'n vreemdeling of sonder klere of siek of in die tronk gesien en U nie gehelp nie?' 45 En Hy sal hulle antwoord: 'Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van hierdie geringstes nie gedoen het nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie.'

Jesus sê dat ons moet goed doen aan die armes en onderdrukte. Beteken dit nie Hy is aan hulle kant nie? Die probleem is, Jesus sê ook dat ons moet goed doen aan die onderdrukte! Kyk wat sê Jesus van die Romeine wat die Jode gedwing het om hulle pakke 'n duisend treë ver te dra, en belasting van hulle ge-eis het:

Lukas 6: 27 Maar vir julle wat na My luister, sê Ek: Julle moet julle vyande liefhê; doen goed aan die mense deur wie julle gehaat word; 28 seën die mense deur wie julle vervloek word; bid vir die mense deur wie julle sleg behandel word. 29 As iemand jou op die een wang slaan, bied hom ook die ander een aan. En vir iemand wat jou boklere vat, moet jy ook jou onderklere nie weier nie. 30 Aan elkeen wat iets vra, moet jy gee; en as iemand jou goed vat, moet jy dit nie terugeis nie. 31 Behandel ander mense soos julle self behandel wil word. 32 “As julle net dié liefhet wat vir julle liefhet, watter aanspraak op dank het julle dan nog? Ook die sondaars het net dié lief wat vir hulle liefhet. 33 En as julle goed doen net aan dié wat aan julle goed doen, watter aanspraak op dank het julle dan nog? Die sondaars maak maar net so.

Efesiers 6:5 Slawe, wees gehoorsaam aan julle eienaars hier op aarde, en doen dit met eerbied en ontsag maar terselfdertyd met 'n opregte hart, asof dit vir Christus is. 6 Moenie net werk om deur julle eienaars raakgesien te word en so in mense se guns te kom nie; werk soos slawe van Christus wat van harte die wil van God doen. 7 Al is julle slawe, doen julle werk met lus, soos vir die Here en nie vir mense nie.

Jesus en Paulus gee ons hier opdrag om ons vyande – in die konteks van die dag, die Romeinse onderdukkers - lief te hê, net soos wat ons die onderdrukte moet liefhê! Net soos ons vir die armes moet sorg asof hulle Jesus is (Mat 25), moet slawe hulle eienaars dien asof hulle dit vir Jesus doen! (Ef 6)

Dit is duidelik dat Belhar se hele argument op grond van Matteus 25 hier in duie stort. Dieselfde beginsel geld vir Psalm 82, wat deur Artikel 4 aangehaal word.

e) Wat sê die Bybel oor die skep van ruimte vir dwaalleer in die kerk?

Wat van die aantyging dat die anti-Belhar mense nie vir die pro-Belhar mense wil ruimte skep nie?

Belhar is dwaalleer omdat dit beweer dat die mens tot God kan nader op grond van sy sosio-ekonomiese klas, in plaas van op grond van die algemene of besonderse genade.

Kyk wat sê die Bybel oor dwaalleer:

1 Timoteus 1:3 Soos by my vertrek na Masedonië toe, dring ek nou weer by jou daarop aan om in Efese te bly. Daar is sekere mense wat vals leerstellings versprei, en jy moet hulle dit verbied.

2 Johannes 1:10 As daar iemand na julle toe kom wat 'n ander leer bring, moet julle hom nie in julle huise ontvang nie en hom selfs nie groet nie, 11 want wie hom groet, is saam skuldig aan die kwaad wat hy doen.

Ons, die nee-stemmers, is oortuig daarvan op grond van die bewyse aan ons beskikbaar, dat Belhar die Bybel weerspreek. Aan wie moet ons gehoorsaam wees?

f) Wat sê die Belydenisskrifte oor die ruimte skep vir dwaalleer in die Kerk?

Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 29. Die kenmerke waaraan ons die ware kerk kan uitken, is die volgende: Wanneer die kerk die evangelie suiwer preek, die sakramente suiwer

bedien soos Christus dit ingestel het en die kerklike tug gebruik om die sondes te straf – kortom, wanneer almal hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God gedra, alles wat daarmee in stryd is, verwerp en Jesus Christus as die enigste Hoof erken. Hieraan kan ons met sekerheid die ware kerk uitken en niemand het die reg om hom daarvan af te skei nie.

Belhar is in stryd met die Bybel. Ons het geen ander keuse as om dit te verwerp nie. Indien die NG Kerk deel van die Ware Kerk wil bly kan ons nie toelaat dat Belhar deel van ons belydenisgrondslag word nie, selfs nie op 'n opsionele basis nie.

g) Wat is ons Gereformeerde tradisie oor die opsionaliteit of afdwingbaarheid van ons belydenisskrifte?

Die gereformeerde wortels van die NG Kerk kan teruggevoer word na die Sinode van Dordrecht van 1618 tot 1619. Daar is 'n direkte historiese lyn van die NG Kerk vandag terug in die geskiedenis na daardie historiese moment.

Een van die dokumente wat die Sinode produseer het was die Kerkorde van die Nederlandse Gereformeerde Kerke. Ek haal aan:

53. Ministers of the word, as well as Professors of Theology (which is also fitting for other professors) shall subscribe to the Confession of Faith of the Netherlands churches. Ministers who refuse to do this shall de facto be suspended from their office by the consistory or classis until such time that they give a full explanation of this. If they obstinately persist in refusing, they shall be completely deposed from their office.

<http://rscottclark.org/2012/09/church-order-of-dort-1619/>

Die ondertekeningformulier is al vir vier honderd jaar die manier waarop die Gereformeerde kerke gehoor aan God se opdrag gee om dwaalleer uit die Kerk te weer.

Die voorgestelde nuwe Artikel 1 van die Kerkorde vernietig hierdie vier eeu oue beginsel met die kerkregtelike presedent dat 'n belydenisskrif nie onderteken hoef te word nie.

h) Wat is die VGKSA se houding oor die opsionaliteit van ons belydenisskrifte?

Dr Plaatjies van Huffel, moderator van die VGKSA oor of 'n belydenisskrif voorwaarde moet wees vir lidmaatskap:

“Die standpunt van die VGK is egter dat die onderskrywing van al die belydenisse sonder dwang geskied. Dit geld die belydenis van Belhar, maar dit geld ook al die ander belydenisskrifte. Wat die VGK betref, het ons nog altyd konsekwent gesê die belydenis van Belhar moet presies net soos die ander behandel word, en dit beteken inderdaad sonder belydenisdwang.”

Rapport 2013-10-12 <http://www.rapport.co.za/Weekliks/Nuus/Nie-almal-tevrede-oor-Belhar-besluit-20131012>

En 'n rukkie later:

Die NGK se sinodebesluit oor die Belydenis van Belhar (dat dit as belydenisskrif deel is van

die belydenisgrondslag van die NGK, maar dat lidmate self kan besluit of hulle dit wil onderskryf of nie) noem sy 'n "groot deurbraak wat twee groepe wat kon skeur, bymekaar hou. Dit bied ons ruimte om vorentoe te gaan met kerk-eenwording. Ons groei na mekaar toe, om mekaar te hoor."

Maar, sê sy beslis, máár: "Sou die VGK en NGK herenig, sal dié dubbelopsie nie kerkregtelik houdbaar wees nie en ons sal moet besluit hoe ons dit gaan hanteer."

Rapport 2013-11-10 <http://www.rapport.co.za/Rubrieke/HanlieRetief/Die-leeu-se-brul-is-sag-20131109>

Wat beteken dit?

Dit beteken dat indien vereniging met die VGKSA plaasvind soos beplan alle belydenisskrifte van die NGK "sonder dwang" sal wees. Ons hele belydenis sal opsioneel wees. Die voorgestelde nuwe Artikel 1 van die Kerkode sal dan reeds die kerkregtelike regspreident geskep het daarvoor! (Of die voorgestelde Artikel 1 opsionaliteit beperk tot Belhar of nie...)

i) Is daar 'n "sameswering" om van die ondertekeningsformulier ontslae te raak?

Kyk hierna:

Dr Ben du Toit ontken die bestaan van die duiwel en die maagdelike geboorte van Christus.
<http://hierstaanek.com/2013/05/19/die-uitkoms-van-die-dwaalleer-tug-ondersoek-teen-dr-ben-du-toit/>

Kyk na hierdie pamflet wat 'n Kaapse predikant aan sy gemeente uitgedeel het waarin hy die maagdelike geboorte ontken: <http://hierstaanek.files.wordpress.com/2014/08/maagdelike-geboorte2.jpg?w=529&h=726>

En laastens word die maagdelike geboorte van ons Heer deur Kerkbode in twyfel getrek:
<http://hierstaanek.com/2014/11/27/kerkbode-ontken-die-maagdelike-geboorte/>

Hierdie mense glo nie meer ons kerk se belydenisskrifte nie. Die ondertekeningsformulier hang soos 'n swaard bo hulle kop. Die wat in diens van gemeentes of die sinode staan weet hulle pleeg kontrakbedrog, omdat die ondertekeningsformulier deel is van hulle dienskontrakte met die sinode en hulle gemeentes. Hulle kan enige tyd onder die kerklike tug geplaas word en hulle werk verloor.

Vir hierdie mense en hulle meelopers is daar niks belangriker as om met die VGKSA saam te smelt sodat hulle van die ondertekeningsformulier onthef kan word nie - soos dit vir my lyk.

Mense wat hou van samesweringsteoriëe kan maar hulle eie gevolgrekkings maak!

2) Is die proses demokraties of Christokraties? Oor die teologiese grondslag van 'n stemming oor die verandering van die Kerk se belydenisgrondslag.

a) Wat beteken die Presbiteriale sisteem?

Francois Lamprecht skryf op Facebook nadat die Oostelike Sinode die voorgestelde Artikel 1 aanvaar het nadat die afgevaardigdes se gemeentes dit verwerp het:

Vriende by meerdere vergaderings (streeksinodes en algemene sinodes) stem ons op grond van ons oortuiging en nie as verteenwoordigers van ons gemeente se opinie nie. Ons word dus deur God gelei en nie deur ons gemeente nie.

<https://www.facebook.com/neels.jackson/posts/10152795338698491?pnref=story>

Hier is wat Wikipedia oor die onderwerp sê:

*In presbyterianism, congregations are united in accountability to a regional body called the presbytery, or, in Continental Reformed terminology, the classis, which comes from the Latin word for "fleet." Presbyteries are made up of the minister and an elder 'commissioned' from each parish, as well as other clergy such as theological college professors, chaplains, and retired ministers. When there is a larger number of ordained ministers than ruling elders, additional ruling elders are appointed to redress the imbalance. **The commissioners of the presbytery are expected to exercise their own judgement and are not required to represent the majority view of their congregations.** In some Dutch Reformed bodies, a classis serves as a **delegated body**, which ceases to exist in between meetings, whereas a presbytery exists perpetually.*

Dit lyk ongelukkig asof daar 'n gevoel is onder sinode afgevaardigdes is dat hierdie beginsel hulle onthef van hulle verantwoordelikheid teenoor hulle sturende gemeentes. Ek wil graag die aandag vestig op die sin wat op die vetgedrukte een volg: Die hoëre vergadering is 'n gedelegeerde liggaam! Hier is Wikipedia se definisie van 'n "delegate":

A delegate is someone who speaks or acts on behalf of an organization at a meeting or conference between organizations of the same level.

Die afgevaardigde verteenwoordig die gemeente, en is verantwoordelik aan die gemeente!

Maar let op: Die afgevaardigde verteenwoordig nie die gemeente se opinie nie maar die gemeente se getuienis oor die Bybel soos deur die Heilige Gees aan hulle openbaar.

Dus: Die afgevaardigde doen nie verantwoording aan sy gemeente oor hoe goed hy hulle opinie by die meerdere vergadering verteenwoordig het nie maar oor hoe getrou hy aan die Bybel was by die meerdere vergadering.

Die afgevaardigde laat hom hierin by die hoëre vergadering deur die Heilige Gees lei, maar onthou dat die Gees Hom deur Sy Woord in die gemeente (Liggaam van Christus) openbaar! Wat die gemeente getuig is dus van groot belang!

Hier moet mens net beklemtoon, die Gees openbaar Hom aan ons deur die Bybel. Daar is te veel afgevaardigdes wat hulle laat lei deur emosies en dan dink dit was die Heilige Gees. Jou emosionele ervaring het bitter min met die Heilige Gees se openbaring te doen. Die Bybel sê die mens se hart is verleidelik bo alle dinge. **Indien 'n afgevaardigde sy besluit nie uit die Bybel volg Gereformeerde hemeneutiese beginsels kan verdedig nie, is daar beslis groot fout, en behoort sy gemeente hom tot verantwoording te roep.**

Die ware bedoeling van die presbiteriale stelsel, naamlik dat afgevaardigdes teenoor hulle gemeentes verantwoordelik is oor hoe hulle die Gees se getuienis oor die Bybel by die hoëre vergadering

verteenwoordig het, is 180° in kontras met die idee dat afgevaardigdes nie verantwoordig hoef te doen aan hulle sturende gemeentes nie. Geen afgevaardigde kan op grond van die presbiteriale stelsel homself van sy verantwoordelike aan sy sturende gemeente onthef nie.

Die Vrystaatse Sinode van 2015 moet hiervan kennis neem: Afgevaardigdes na die sinode is verantwoordig aan hulle gemeentes om die Woord van God, en dus hulle gemeentes se getuie nis aangaande van die Woord van God, op die Sinode te verteenwoordig. 'n Ontkenning hiervan is om te ontken dat hulle gemeentes deur die Gees gelei word.

Indien die Vrystaatse Sinode sou stem om die voorgestelde Artikel 1 te aanvaar, sou dit 'n laakbare vertrouensbreuk met hulle gemeentes verteenwoordig.

b) Wat beteken die "priesterskap van elke gelowige?"

Martin Luther se styd teen die Roomse Kerk was deels oor die "priesterskap van elke gelowige". Dit beteken dat elke gelowige, in die selfde mate as enige kerkampenaar of teoloog, met die Heilige Gees vervul is en dus die evangelie kan verstaan sonder die hulp van die amptenary van die kerk. Gelowiges kan nie hulle verantwoordelike om die Evangelie te verstaan aan die kerk se amptenare oordra nie, en die amptenare durf nie besluite oor die evangelie uit die hande van die gelowiges neem nie.

Die Heidelbergse Kategismus verwoord die leer van die "priesterskap van elke gelowige" as volg:

Vraag 55: Wat verstaan jy onder die gemeenskap van die heiliges?

Antwoord: Ten eerste dat die gelowiges, almal saam en elkeen afsonderlik, as lede met die Here Christus gemeenskap en aan al sy skatte en gawes deel het (a). Ten tweede dat elkeen verplig is om sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend (b).

(a) 1 Joh 1:3; Rom 8:32; 1 Kor 12:12, 13; 1 Kor 6:17. (b) 1 Kor 12:21; 13:1, 5; Fil 2:4-8.

Let op die woorde "...*almal saam...*". Die Heilige Gees openbaar hom in die gemeente, die Liggaam van Christus. **Hierdie manne wat beweer dat ons nie moet stem oor die verandering van ons belydenisgrondslag nie maar moet toelaat dat sinodes vir ons besluit, ontken dat ons, die gewone lidmate, ook priesters is wat gesalf is met die Heilige Gees en dus met verantwoordelike kan besluit oor sake van die kerk. Hulle ontken ook die basiese Gereformeerde beginsel dat die Heilige Gees hom JUIS in die gemeente openbaar!**

Hulle probeer ons terugdring na 'n middeleeuse, Roomse diktatuur!

3) Emosionele afpersing van die nee-stemmers.

Ons word gereeld beskuldig met die volgende:

a) "Julle wil nie vir ons ruimte skep nie."

Dit is nie waar nie. Ons as nee-stemmers wil geen mens uitsluit nie. Maar ons kan nie, op grond van God se opdrag, ruimte skep vir dwaalleer in die kerk nie. Onderskei asb tussen mense en dwaalleer! Almal wat ons huidige belydenis aangryp, glo en daarvolgens leef het ruimte in ons kerk. Ons wil

nie mense uitsluit nie, slegs vals lering wat die Evangelie van Genade Alleen ontken.

b) "Julle wil die NGK skeur."

Ek haal aan uit die verklaring hier ter sprake:

"Dit plaas ons wat wel die Belydenis van Belhar onderskryf in 'n uiters moeilike posisie. Net so min as wat ons die NG Kerk as ons geestelike tuiste kan verlaat, net so min kan ons konformeer en ophou om die Belydenis van Belhar te onderskryf."

Die waarheid is dat ons staan by ons huidige belydenis, wat die evangelie van Genade Alleen verkondig. Dit is die Belhar ondersteuners wat nuwe dogma in die kerk wil bring. Wie moet beskuldig word dat hulle skeuring veroorsaak?

4) Eenheid in die Kerk van Christus

a) Wat leer die Bybel ten opsigte van eenheid?

Jesus het gesê dat hy nie gekom het om vrede te bring nie maar die swaard. Hy het gesê die wêreld sal die wat Hom lief het en volg, haat. Christene sal vervolgd word en vermoor word, vir geen ander rede as dat hulle Jesus as Heer en Verlosser bely nie.

Tog is daar mense wat vandag vrede ten alle koste, en selfs vrede met die wêreld verkondig. Hulle maak 'n bespotting van die mense wat onlangs deur ISIS onthoof is!

Daar kan geen vrede wees buite Christus, en dus buite om die waarheid wees nie.

Galasiërs 3:26 Deur hierdie geloof in Christus Jesus is julle nou almal kinders van God, 27 want julle almal wat deur die doop met Christus verenig is, het nou deel van Christus geword. 28 Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal één. 29 En as julle aan Christus behoort, is julle ook nakomelinge van Abraham en erfgename kragtens die belofte van God.

Kyk wat se Paulus in Romeine 16:

17 Ek druk julle dit op die hart, broers: Pas op vir dié wat verdeeldheid veroorsaak en die mense afvallig maak van die leer wat julle ontvang het. Bly weg van hulle af.

Ons eenheid is in Christus, **in die waarheid**. Belhar verkondig 'n leuen. Daar mag geen eenheid in die leuen wees nie. As 'n leerstelling verskil van die Bybel moet ons wegbly van die mense wat dit verkondig! Dit beteken nie ons sluit die Belhar ondersteuners uit nie. Dit beteken wel dat ons 'n dringende beroep op hulle doen om hulle self onder die gesag van die Skrif te plaas, sodat ons wel "eenheid in waarheid" kan hê!

5) Het Belhar 'n rol in die aflegging van die "sonde van Apartheid"?

a) Moet ons Belhar aanvaar om afstand te doen van Apartheid?

Ek haal aan uit die Beeld van 23/08/2013:

“Niemandt meen as die NG Kerk Belhar sou verwerp, sal dit wyd gesien word as ’n terugkeer na apartheid.”

<http://www.beeld.com/nuus/2013-08-23-belhar-verwerp-terugkeer-na-verlede>

En ek haal weer aan, die keer uit Netwerk24.com van 17/02/2015:

"Belhar het volgens Niemandt 'n karakter gekry en handel oor meer as net die inhoud daarvan. Hy het gesê op 'n simboliese vlak is dit 'n verklaring deur mense dat hulle in Suid-Afrika wil bly en 'n positiewe bydrae wil maak en nooit weer die pad van apartheid wil stap nie."

<http://www.netwerk24.com/nuus/2015-02-17-ngk-besin-weer-n-sterk-nee-vir-belhar>

En Ds. Nelis Janse van Rensburg in gister se Burger:

“Die debat oor Belhar is ’n emosionele een en nie ’n intellektuele een nie. Ek kry die indruk dat Afrikaner-mense nog nie werklik die verleentheid van apartheid verwerk het nie en al dié emosies is gesimboliseer in dié besluit.”

<http://www.netwerk24.com/nuus/2015-03-05-ng-kerk-nie-in-doodloopstraat-belhar-belydenis-nodiger-as-brood>

Die boodskap is hard en duidelik: Die wie teen Belhar is, is rassiste wat vasklou aan Apartheid. Ons moet vir Belhar stem om ons te reinig van die sonde van Apartheid.

Hierdie insinuasies deur kerkleiers is laakbaar. Dit is blatante emosionele afpersing. En die debat is intellektueel. Hierdie brief getuig daarvan.

b) Kan mens sonde met sonde, of dwaalleer met dwaalleer, regmaak?

Die antwoord is nee. Ons kan nie die sonde wat gepleeg is onder Apartheid met die sonde van Bevrydingsteologie regmaak nie. Ons kan nie die dwaalleer verkondig onder Apartheid met die dwaalleer van Belhar regmaak nie.

c) Maar hoe moet ons dan wys dat ons wegdraai van Apartheid?

Ons hoef nie. Ons het reeds ons sonde bely, en Hy wat 2000 jaar gelde vir ons gesterf het is steeds getrou en regverdig, om ons dié sonde te vergewe en ons van alle ongeregtigheid, ook die sondes gepleeg onder Apartheid, te reinig.

Geen boetedoening is nodig nie. As ons waarlik aan Christus behoort sal ons dade wel duidelik wees aan die wêreld.

6) Is Belhar 'n dokument van eenheid of verdeeldheid?

Kyk wat het gebeur in die NG Kerk in Afrika toe hulle met die NGSK saamgesmelt het om die VGKSA te vorm:

Die Streeksinodes van die NGKA-OVS en NGKA-Phororo was van meet af nie gediend met

die kerkvereniging en die wysigings van die Kerkorde wat die kerkvereniging voorafgegaan het nie. Alreeds tydens hul eerste vergadering op 26 Mei 1994 het die dagbestuur van die VGKSA kennis geneem van die besware van die Streeksinodes van die NGKA-OVS en NGKA-Phororo insake kerkeenwording (Skema VGKSA 1997:20). Bogenoemde Streeksinodes het van die veronderstelling uitgegaan dat die wysigings aan die Kerkorde en kerkvereniging nie regsgeldig was nie. Op 22 November 1994 het die Streeksinode van die NGKA-Phororo besluit om buite verband van die VGKSA te tree en om as die nuwe NGKA voort te bestaan terwyl hul toetred tot die NGK Noord-Kaap soek. Op 08 Februarie 1995 het die dagbestuur van die VGKSA kennis gekry dat die Streeksinode Phororo toetred tot die NGK Noord-Kaap soek. Die dagbestuur het hierdie handeling as 'n eensydige uittrede uit die kerkverband geag en het aan die actuarius, ds. J Buys, opdrag gegee om namens die dagbestuur instruksies aan 'n prokureur te gee om regstappe te neem om die regte en belange van die VGKSA te verseker (ibid:21).

Plaatjies van Huffel, M.A. & Van der Merwe, J.M., 2012, 'Die reis met kerkeenwording tussen die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika en die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika', *Verbum et Ecclesia* 33(1), Art. #724, 7 pages.
<http://dx.doi.org/10.4102/ve.v33i1.724>

Wat volg is 'n hartverseurende geskiedenis van hofspraak op hofspraak wat die Liggaam van Christus verder verskeur het. Die VGKSA is glad nie so "Verenigend" soos wat hulle voorgee om te wees nie. Hulle bestaan uit die NGSK en die verskeurde NGKA. Die volgende NG Kerke is nie deel van die VGKSA nie:

- Ned Geref Kerk in Afrika se sinodes van die Vrystaat, Phororo en Noord en Suid-Transvaal
- Reformed Church in Africa
- Reformed Church in Zimbabwe
- Church of Central Africa Presbyterian (Nkhoma Synod en Harari Synod)
- Swaziland Reformed Church
- Reformed Church in Zambia
- Dutch Reformed Church in Botswana
- Igreja Reformada em Mocambique
- Igreja Reformada Evangelica, Portugal

Daar is dus baie dogterskerke van die NG Kerk met wie ons kan saamsmelt sonder om ons belydenisgrondslag te vernietig.

Ons moet hier spesifiek verwys na die skriftelike versoek wat die NGKA en die RCA tydens die 2011 Algemene Sinode gemaak het om een te word op grond van slegs die Drie Formuliere van Eenheid. Die Sinode van die NG Kerk het dit van die hand gewys omdat die VGKSA (en dus ook Belhar Belydenis) nie ook by hierdie eenwording betrokke sou wees nie. As dit vir die sinode werklik oor kerkeenheid gegaan het, en nie oor Belhar nie, sou hulle die geleentheid aangegryp het en so 'n mooi getuigenis gelewer het dat ons nie 'n "apartheidskerk" is nie.

7) Ons het nie Belhar nodig om te getuig oor eenheid, versoening en geregtigheid nie.

Efesiers 2:11 Deur Christus het ons deel geword van die volk van God soos Hy dit vooruit

al bestem het. So het Hy Hom dit voorgeneem, Hy wat alles laat gebeur volgens sy raadsbesluit.

Die eenheid van almal wat in Christus is, is 'n feit wat van voor die grondlegging van die wêreld gevestig is deur 'n onfeilbare raadsbesluit van God. Dit is nie nodig om dit aan die wêreld te bewys nie. Mense wat aan Christus behoort dra outomaties die vrugte van bekering.

Dit laat my dink aan die gesegde “Goeie wyn prys homself.” Ons hoef nie aan almal te vertel hoe inklusief ons is nie. Ons hoef nie aan almal te vertel dat ons “Een in Christus” is nie. God se waarheid staan vas ten spyte van die wêreld se ontkenning daarvan. Ons eenheid in Christus strek oor denominasionele, taal, ras en kultuurgrense heen.

God weet dit. Ons weet dit. Wat probeer ons bereik deur dit aan die wêreld, wat ons en God in elk geval haat, te probeer bewys?

Hierdie brief verteenwoordig my eie sienings en die van groep enersdenkende NG Kerk lidmate wat ek geraadplaag het, waaronder twee teoloë. Ek sal maklik 35 mense kry om dit te onderteken, maar dit is nie nodig nie. Die Vrystaat se gemeentes het reeds gestem.

Hierdie brief is op geen manier 'n veroordeling van dié wie deur Belhar mislei is nie. Dit is 'n uitnodiging om saam met ons die waarheid van God se Woord, soos opgesom in die Drie Formuliere van Eenheid, te bely.

En ek wil graag enigeen uitnooi wat voel dat hy Belhar Bybels kan regverdig, om dit op Hierstaanek.com in die kommentaar area te pos. Dr Braam Hanekom het sy misnoë uitgespreek dat gesprek oor Artikel 1 doodgedruk word. Dus, kom neem deel!

In Christus se liefde.

Wynand Louw

06/03/2015

Bylaag: Die verklaring van die 35 lidmate:

In die lig van die proses rondom die wysiging van Kerkorde Artikel 1 in die NG Kerk Vrystaat en die gevolglike posisie van diegene wat Belhar as belydenis onderskryf, verklaar ons die volgende:

1. Ons ondersteun die voorgestelde wysiging van Artikel 1 van harte. Daarin maak ons ruimte vir mekaar, respekteer ons mekaar se oortuigings, vat ons hande en bou ons saam aan die eenheid binne die NG Kerk en die NG Kerkfamilie. Ons erken daarin die reg van mense wat om welke rede ook al nie die Belydenis van Belhar as belydenis onderskryf nie, maar ons maak ook ruimte vir hulle wat dit wel doen.
2. in die verloop van die stemproses rondom die wysiging van Kerkorde Artikel 1 het die vraag ontstaan of so 'n “referendum onder lidmate” te rym is met 'n proses van geloofsonderskeiding waarin Christus sy kerk deur sy Woord en Gees regeer, deur die vergaderinge van die kerk (ons gereformeerde verstaan en historiese praktyk van kerkregering). Ons spreek daarom ons ongemak

uit oor die teologiese gefundeerdheid van die proses.

3. Die uitslag van die stemproses toon duidelik dat 'n meerderheid Vrystaatse gemeentes nie bereid is om ruimte te maak vir "lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat die Belydenis van Belhar as in ooreenstemming met die Woord van God bely" nie. Dit plaas ons wat wel die Belydenis van Belhar onderskryf in 'n uiters moeilike posisie. Net so min as wat ons die NG Kerk as ons geestelike tuiste kan verlaat, net so min kan ons konformeer en ophou om die Belydenis van Belhar te onderskryf.

4. Dit bring ons by 'n beslissende moment waar ons nie anders kan as om openlik oor God Drie-enig se eiendomsreg op die kerk, die Bybelse eis tot eenheid, versoening en geregtigheid en ons gehoorsaamheid aan Jesus Christus as Here te bely en te getuig nie.

5. Ons erken dat alle dokumente wat in ooreenstemming met die Skrif is, nie noodwendig belydenisskrifte word nie. Wanneer die waarheid van die evangelie egter in die samelewing op 'n omvattende en skreiende manier verontagsaam word, bely 'n gereformeerde kerk wat die kerk glo, en druk dit in 'n belydenisskrif uit. In die vroeë 1980's was die waarheid van die evangelie oor eenheid, versoening en geregtigheid op so 'n omvattende wyse in ons Suid-Afrikaanse samelewing in die gedrang, dat die NG Sendingkerk hulle gedronge gevoel het om te bely wat hulle glo. Dit was vir hulle 'n kreet uit die hart. Oor dié waarheid van die evangelie het hulle in 'n staat van belydenis gegaan; daarvoor sou hulle nie weer kon swyg of swig nie. Daarom respekteer ons die diepe betekenis wat hierdie belydenis vir ons susterkerk het en ons vereenselwig ons daarmee.

6. Ons oordeel dat die waarheid van die evangelie oor eenheid, versoening en geregtigheid in ons eie tyd en samelewing op nuwe maniere omvattend bedreig word – vergelyk die onreg, geweld, korrupsie, gebrek aan respek vir lewe, plaasmoorde, diskriminasie teen en vervreemding van minderhede, onversoendheid, groeiende rassspanning, asook die on- vermoë en skynbare onwilligheid van kerke in die NG Kerkfamilie om te herenig. Daarvoor kan ons nie anders nie; ons is geroepe om nou weer 'n helder profetiese stem te laat hoor. In die Belydenis van Belhar word dié evangeliese protes juis vanweë die historiese konteks daarvan klokhelder en geloofwaardig verwoord en aanvaar ons dit as geskenk uit ons susterkerk.

7. Juis in ons eie tyd en konteks bly ons geroepe om sáám, as die één liggaam van Christus, met geloofwaardigheid te getuig. As ons dit nie doen nie en in ons kerklike afsondering volhard, sal die klippe dit uitroep! Daarom staan ons ootmoedig voor die Here aan wie die kerk behoort en bely en getuig ons, in die woorde van die Belydenis van Belhar – wat in ooreenstemming met die Skrif en ons ander belydenisskrifte is – oor die eenheid, versoening en geregtigheid wat God self aan ons skenk, en daarom ook van ons vra om in gehoorsaamheid te beliggaam en uit te leef. Ons doen dit met die vaste geloofsoortuiging: "Jesus Christus is Here!"